Curriebeker Week 10

Luiperds vs Goue Leeus

Die Leeu se maanhare staan regop en dit voorspel net gevaar want die ou grote is in ‘n veglustige bui! Die manne van Jo’burg het net een doel voor oë, en dit is om die Curriebeker in vanjaar se kompetisie te verower. Hulle verslind en verorber alle teenstand voor hulle! Hulle speel uitmuntende rugby en klop die moedige Luiperds in Potchefstroom met 43-23. Die Leeus is nou 10 punte voor op die log en ‘n tuis semi is om die draai!

Bulle vs WP

Na ‘n blitzkrieg van 15 punte kon die Kapenaars nie die agterstand inhaal nie. Die Bulle het besef dat hulle ‘n omkeer sou moes maak, want wraggies waar die tyd is besig om uit te loop. Die Bulle wen hierdie noord-suid derby met 28-20 en hang nog aan ‘n dun draadjie om vir kwart eindstryd te kwalifiseer. Die Kapenaars het egter te veel strafskoppe afgestaan en die Bulle verdien om die een te wen!

Sharks vs Cheetahs

Die Bloemfonteiners het die Durbaniete behoorlik afgeslag en lekker aan Haaivleis gesmul! Die versadigste Cheetah van die dag was die nuwe jong sensasie, Johan Goosen, wat 31 van die Cheetahs se 53 punte aanteken! “‘n Drop, ‘n drie en ‘n goal,” soos die legendariese Frik Du Preez dit beskryf het. Die negentien jarige Goosen het geskitter in die Cheetahs se oorwinning van 53-32. Teen rustyd was die wedstryd nog heel gelykop maar die tweede helfte het die blikore kookwater rugby opgedis en die Haaie soutwater toe laat verlang!

Griekwas vs Pumas

En toe val die Diamantboere in hulle eie groot gat! Die Pumas behaal hulle eerste oorwinning van die seisoen en klop die Griekwas 34-31. Die wenpunte is in die laaste sekondes van die wedstryd aangeteken nadat die rustyd telling 9-7 in die guns van die Pumas was. Die Pumas se verdediging het hulle die een laat wen en so kon hulle uiteindelik toe ook ‘n proesel van Curriebeker vreugde kry!

Die Leeus en die Bulle en die Cheetahs en die WP volgende… lekkerrrrrrr rugby is op die spyskaart!
Nag ou grote..

Wêreld Beker 2011

Springbokke vs Fidji

Bok se kind het uit sy winterslaap ontwaak! Die Bokke het voortreflike rugby opgedis en die Suid-See manne behoorlik opgedons.

Hierdie vertoning deur John Smit en sy troepe gee duisende Suid-Afrikaanse rugby liefhebbers weer baie hoop dat die beker huistoe kan kom. Danie Rossouw, wat die beseerde Victor Matfield moes vervang, het gewys hoekom hy as een van die Ysters in wêreld rugby beskou word en is welverdiend as speler van die toets aangewys.

Schalk en kie het ook die groot Fidjiane meters terug geduik en sodoende kon Fidji nie die groot witlyn oorsteek om ‘n drie aan te teken nie, voorwaar ‘n pluimpie vir die afrigting korps in die afdeling.

Agterlangs het Frans Steyn op binnesenter ‘n reuse wedstryd gespeel en het werklik ‘n paar glimlagte laat ontplooi. Pat Lambie het ook getoon dat hy nou reg is vir toets rugby en speel ‘n droom wedstryd op heelagter. Sy verdediging was dodelik en hy het vreesloos onder die groot Fidjiane ingeseil. In hierdie wedstryd is gesien hoe belangrik die korrekte kombinasies ‘n baie groot rol speel en vir die volgende wedstryde moet daar kop gehou word.

Nou ja maat, met die Aussies wat toe teen Ierland die spit moes afbyt, kan daar dalk ‘n baie groot kans wees dat die Bokke hulle titel teen Engeland kan verdedig...

Moenie terughou nie!!!

GO BOKKE!

Hawk Eye Karate Academy

Rustenburg – The Hawk Eye Karate Academy from Rustenburg recently competed in their separate divisions during a tournament hosted FSKA (Pretoria), and went for gold!

For any information, contact Sensei Deon De Jong at 083 641 8437 or pop an email to deon.dejong@adj.co.za.

Back fltr: Anton Horn, Elsabe Du Plooy, Buks Du Plooy, Head Coach Sensei Deon De Jong, Zelda Kotze, Wynand van Niekerk en George Phetoe. Front fltr: Cornelius Smal, Talitha Strydom, Alex Mokatse en Sensei Arnelle Du Plooy.

Comrades Marathon a National Heritage

Arts, culture, sport, lifestyle and all things South African… Come to the fore during this auspicious month, as the Rainbow Nation celebrates National Heritage Day on 24 September 2011. Heritage Day as well as the entire first month of Spring recognises different aspects of South African culture like creative expression in terms of music and cultural performances, our sporting and historical inheritance, our many languages, the delicious foods we enjoy as well as the popular memories associated with all things Mzansi.

We at the Comrades Marathon Association (CMA) are very mindful of the opportunities this month provides in fostering our cultural pride and instilling a shared identity through events undertaken not just in September but throughout the rest of the year.

We are also keenly aware of those ideas, people, places, events, facets and features which make us proudly South African, and that which helps to strengthen the many things that bond us as people of the Rainbow Nation. To this end, the Comrades Marathon has been a uniting force for the people of South Africa. The Ultimate Human Race’s long held traditions and values have changed little over the years, but have definitely gone a long way in maintaining the enduring spirit and camaraderie which it has come to be remembered by.

CMA Chairman Peter Proctor says, ‘Heritage Day, in a nutshell, celebrates our unique land, that is the colourful, creative and kaleidoscopic South Africa we live in. We at the CMA, value this special day as the Ultimate Human Race speaks to the long held traditions and values associated with the rich heritage of our bright, bold and beautiful country.”

CMA Chairman Peter Proctor and Vice Chairman Dave Dixon outside the Comrades Marathon Museum

The CMA team will be present at the Liberty Midlands Mall on Heritage Day, where it will promote the world’s greatest ultra-marathon and all things Comrades, together with the Msunduzi Heritage Forum.

In furthering the high-spirited message of Heritage Day, Comrades Marathon Museum Curator Sian Theron has invited anyone and everyone to pay a visit to the Comrades Marathon Museum. The museum contains all things steeped in Comrades history which will definitely wow enthusiasts and ordinary folk alike.

Hole-in-One! R20 000 in Prizes!

Mahikeng – The annual popular Agri North West golf day is scheduled at the Leopard Park golf club this Saturday with R20 000 worth of prizes!

Winners of last week’s competition are as follows. Godfrey Nchini and Lot Moroka won the successful Mafikeng Rugby Club golf day on Saturday with 48 points, followed by Pako Ntulusi and Vincent Monnamontsho (46), as well as Brian Visser and Johan Jonck (45).

The Spur Quick 9 was again won by Benett Masilo with 21 points, followed by Jan van Staden (17) and Leon van der Westhuizen (17). The Wednesday competition was won by Hans Koen with 41 points, followed by Johan Jonck (40) and Frans Conradie (37).

The Wimpy golf day is booked for 1 October and the Ledwaba Power golf day for 8 October 2011.

Mr Patrick Miller also scored a hole-in-one on 10 September on hole 7!! Well done and see you soon!